

12 November

Skrifgedeelte: Johannes 20:11-31

Glo dat Jesus werklik opgestaan het

In hierdie gedeelte word beskryf hoe daardie eerste gelowiges die opgestane Jesus herken het en as die lewende Here erken en geglo het. Maria Magdalena is die eerste gelowige wat Jesus gesien het. Sy sien engele, boodskappers van die Here. En dan sien sy Jesus self. In haar ontsteltenis herken sy Hom nie dadelik nie, maar toe Hy haar naam noem, herken sy die stem en die Persoon. Sy klou aan Hom vas om Hom nie weer te verloor nie. Sy kry van Jesus die opdrag om Hom nie vas te hou nie, maar om die eerste getuie en boodskapper te wees dat Hy opgestaan het en dat Hy na die hemel toe vaar. Die Sondagaand is die volgelinge van Jesus bymekaar, waarskynlik nie net die elf apostels nie, maar ook (van) die ander gelowiges. Jesus verskyn met sy verheerlikte opstandingsliggaam wat nie meer gebonde is aan plek en ruimte en mure nie. Die merke wys dat dit Hy is. Hy het opgestaan! Ook Tomas het agt dae later die sekerheid hiervan gekry. Jesus verskyn aan hulle nie net om hulle van sy opstanding te verseker nie, maar ook om hulle met die krag en bystand van die Heilige Gees te versterk (vers 22). Hierdie gebeurtenis is 'n voorafgebeurtenis wat uiteindelik met Pinkster, na sy hemelvaart, met tekens en wonders gepaard sou gaan. Maar voor Pinkster het hulle al die Heilige Gees gehad. Na Pinkster sou hulle besondere leiding en krag ontvang, want hulle moes die evangelie van sonde-vergiffenis bring (vers 23). Elkeen wat hierdie evangelie glo – al het jy Jesus nie self gesien nie (vers 29) - het die lewe in sy Naam (vers 31). Erken dat Hy die Christus is, die Lewende. Bid tot Hom dat jy die krag sal kry om ook vir Hom te getuig.

Sing: Skrifberyming 33:2

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)